

## Groiegroepe – Riglyne: Week van Sondag 8 November 2020

### “#Nuuteindig – ’n Nuwe Gemeenskap!”

Ons het Sondag die vreugde beleef van jongmense wat **belydenis van geloof** afgelê het na die streng inperking. Die erediens se tema was “’n Nuwe Gemeenskap!” Ons is nog steeds besig met die reeks “**God se asem tussen die bladsye van die Bybel**”, wat aansluit by die Bybelgenootskap se uitgee van die Nuwe Direkte Vertaling.

#### 1. WELKOM / (GASVRYHEID)

25 min

**YSBREKER (10 min se kuier ingesluit)**

1. Deel met mekaar hoe julle in hierdie onseker tyd die **Gees se werk** in julle lewe en in die gemeenskap beleef.
2. Hoe gaan dit met **julle en julle gesinne** in hierdie tyd? Dit is ’n baie vreemde situasie: ons probeer aan die gang kom na die inperking, maar ter selfder tyd is die jaar besig om af te sluit.

#### 2. LOF / DANKSEGGING

10 min

1. **Loof en dank Here** in kort gebede vir sy betrokkenheid in julle lewe en die gemeenskap. (Julle kan selfs een-sin-gebede gebruik om almal geleentheid te gee.)

#### 3. WOORD / WORD

35min

1. Gesels hoe julle die **geloofsfamilie** as **alternatiewe/nuwe gemeenskap** in hierdie tyd beleef.
2. Hoe help die geloofsfamilie vir jou om as **nuwe gemeenskap te leef?**
3. Luister na die Woord: **Lees Handeling 2:1-4 + 37-47** (laat mense dit ’n 2<sup>de</sup> keer stil lees en daarvoor nadenk) (Skakel na die Direkte Vertaling as julle dit wil gebruik: [http://www.bybeldirektevertaling.co.za/images/stories/docs/handeling\\_1.pdf](http://www.bybeldirektevertaling.co.za/images/stories/docs/handeling_1.pdf))
4. Na die **uitstorting van die Heilige Gees**, vind **Petrus se aangrypende** toespraak op pinksterdag plaas, kom ’n klomp mense tot bekering (**eerste bekeerlinge**) en die **eerste gemeente** kom tot stand. (Hand 2 – gaan lees gerus die hele hoofstuk as jy tyd het)

Wat is die **belydenis** van hierdie nuwe gemeenskap? v36

5. Wat is ’n **treffende gevolg** van die uitstorting en vervulling van die Heilige Gees? (Hand 2:4,11b) Hoe beleef jy dit in jou en ander mense se lewens?
6. Gesels oor **hoe hierdie nuwe gemeenskap gelyk** het. Watter eienskappe van hierdie nuwe gemeenskap sien julle raak in die gedeelte? (v42-47)

Hoe het die Woord gefunksioneer in die nuwe gemeenskap? (V42)

7. Watter van hierdie eienskappe kom voor in julle **groeigroep en in die gemeente** as geloofsfamilie? Hoe kom dit navore in ons konteks?
8. Aan watter eienskappe kan ons **meer aandag gee** en hoe kan ons dit prakties doen? Hoe kan ons dit in hierdie Covid-tyd doen?

9. Wat was die **vrug van hierdie nuwe gemeenskap**? (v43+v46c-47)
10. Hoe kan ons as alternatiewe gemeenskap 'n **groter impak in die gemeenskap** maak sodat ons ook die vrug kan beleef van die eerste gemeente?
11. Wat se implikasies het hierdie eienskappe vir ons **onderlinge verhoudinge en versorging** in hierdie tyd van isolasie en geweldig nood onder mense? (v44-45)
12. Verskeie mense het tydens hierdie Covid-situasie **nuwe patrone van lewe** ontwikkel (sosiale afstand en afsondering weens risiko's van blootstelling) en **nuwe gemaksones** het ontstaan (kyk die eredienste eerder digitaal).
- Hoe affekteer dit ons ervaring en uitleef van die nuwe gemeenskap en hoe kan ons as nuwe gemeenskap funksioneer midde van hierdie situasie?

#### **4. WERKE / WORKS**

**15 min**

1. Gesels veral **prakties** hoe ons as nuwe gemeenskap kan leef in hierdie tyd.
2. Hoe kan die **Bybel** ons help om as nuwe gemeenskap te leef?
3. **Dank die Here:**
  - Dat ons in Jesus Christus, die Here, 'n nuwe gemeenskap is
  - Dat ons deel van 'n nuwe en alternatiewe gemeenskap kan wees
4. **Bid vir die volgende.**
  - Dat ons die Gees van God vir ons 'n groter werklikheid sal wees
  - Dat ons sal leef vanuit ons belydenis dat Jesus die Here en Christus is.
  - Dat die kenmerke van die eerste gemeente 'n groter werklikheid in ons geloofsfamilie sal word
  - Dat ons as nuwe gemeenskap vrug sal dra in die samelewing.
  - Dat ons oop sal wees as God nuwe mense byvoeg by ons as geloofsfamilie
  - Vir matrieks wat eksamen skryf
  - Vir herstel in ons land en gemeenskap.